

# Die Huisgenoot

Geïllustreerde Weekblad

Onder Redaksie van J. M. H. VILJOEN

DEEL XXIX, No. 1179

27 OKTOBER 1944

PRYS 4d.

## Die Nuwe Psalm- en Gesangboek

**E**EN van die belangrikste gebeurtenisse wat daar in die lewe van 'n volk kan plaasvind, is dat hy die Bybel in sy eie taal kan ontvang. Hierdie voorreg het die Afrikanervolk in 1933 te beurt geval. Maar daar het nog altyd 'n groot leemte in die volkse godsdienstige lewe bestaan. Wanneer hy die hart tot die Allerhoogste opgehef het in lof-psalme of in oomblikke van grootste nood, moes dit geskied deur middel van 'n taal wat, hoewel dit ten nouste verwant is aan ons eie, tog in die loop van meer as twee eeue vir ons 'n vreemde taal geword het. Hierdie leemte in ons geestelike lewe sal op 29 deser aangevul word wanneer die Afrikaanse Psalm- en Gesangboek deur die Ned. Geref. Kerke feestelik in gebruik geneem word. En daarmee sal daar ongetwyfeld 'n nuwe en nog meer hegte band gesmee word tussen ons taal en ons Kerk.

Een van die tragiese dinge in die geskiedenis van die Afrikanervolk was die feit dat sy Kerk en sy taal soveel jare lank vyandig teenoor mekaar gestaan het. Selfs diegene van ons wat nog maar skaars die tydperk van middeljarigheid bereik het, kan onthou met watter veragting daar deur van ons hoogste kerklike leiers oor Afrikaans gepraat is. Dit is vanaf die kansels en in geskryfte verordeel as 'n baster- en 'n kombuistaal wat nie goed genoeg was om as draer te dien van die hoogste en edelste wat in die menslike hart kan omgaan nie. Hoe belangrik die Hollandse Kerk se rol as kultuurdraer ook was, ten opsigte van die bevordering van Afrikaans kan hy, altans wat die onsekere en moeilike beginjare betref, nie op 'n noemenswaardige bydrae aanspraak maak nie. Des te meer verblydend is dit derhalwe dat die Kerk vandag so 'n sterk steunpilaar van Afrikaans is en dat daar tans met algehele eenstemmigheid oorgegaan word tot die verwydering van die laaste oorblyfsel van Nederlands uit ons erediens.

Die Nederlandse Psalm- en Gesangboek is so volkome in die lewe van ons volk ingevleg, so verenselwig met belangrike momente in ons geskiedenis, met die lief en die leed van elke huisgesin, dat die afskeid daarvan nie sonder 'n mate van hartseer sal geskied nie. Ver-al vir die ou geslag is dit dubbel dierbaar, en ons kan ons voorstel dat baie aan die oue sal vashou en dit selfs nie sal wil prysgee ten gunste van die nuwe nie. Aan die ander kant is ons oortuig daarvan dat die Afrikaanse Gesangboek vir die jongere lidmate van die Kerk 'n bron van nuwe besieling sal wees, soos die Hollandse bundel met sy vreemde taalvorm en hier en daar ook minder begryplike inhoud dit nooit kon wees nie.

Die nuwe Gesangboek is die uiteindelijke resultaat van die werk

van nagenoeg dertig jaar. Reeds ongeveer 1915 is op inisiatief van die Kaaplandse N.G. Kerk 'n gesamentlike sangwysieskommissie benoem om wysies te vind om die plek in te neem van 'n aantal wat as minder geskik beskou is. Die volgende stadium is in 1924 bereik, toe die verskillende sinodes van die Afrikaanse Kerke opdrag gegee het aan die Suid-Afrikaanse Bybelvereniging om 'n nuwe sangbundel in Afrikaans uit te gee waarin 'n aantal van die bekendste Psalms en Gesange opgeneem moes word. Dit het geleë tot die verskyning van die *Nuwe Halleluja* waarin 75 berymde Psalms van Totius en 100 Gesange, hoofsaaklik bewerk deur dr. G. B. A. Gerdener, opgeneem is. Melding moet ook gemaak word van 'n 30-tal berymings van Gesange wat in 1922 deur Langenhoven uitgegee is en 36 Psalmberymings van Totius wat in 1923 verskyn het. Dit was egter albei private ondernemings waarvoor geen kerklike sanksie erlang is nie.

Dit is veral verblydend dat daar sulke hartlike samewerking was tussen die drie Hollandse Kerke in verband met die beryming van die Psalms, en daarna tussen die Ned. Geref. Kerk en die Hervormde Kerk se gesamentlike revisiekommissie wat vir die bewerking van die Gesange verantwoordelik is.

Oor die teks self hoef ons nie veel te sê nie na die mooi artikel wat in ons uitgawe van 31 Maart van die hand van prof. Pienaar verskyn het. Daarin het hy baie duidelik aangetoon met hoeveel aspekte, rakende kwessies soos Skriftuurlikheid, duidelikheid, singbaarheid, taal, spelling en estetiese rekening gehou moes word. Daarby was die reviseurs gebonde aan die wysies en daarmee ook aan die Nederlandse versmaat sowel as aan die eis dat die rymvorm gehandhaaf moes word. 'n Aansienlike getal minder bekende Gesange is geskrap en deur nuwes vervang. Die nuwe bundel is dus in baie opsigte heeltemal verskillend van die oue, maar aan die ander kant sal die leser baie geliefde verse herken, al is die vorm daarvan ook effens verander.

Elkeen wat die ou Gesangboek enigsins krities gelees het, sal weet dat dit naas baie treffende verse ook heelwat sinledige retoriek bevat het. Ons het nog nie geleentheid gehad om die nuwe Gesangboek noukeurig deur te lees nie, maar op grond van 'n vlugtige kennismaking kan ons sonder aarseling verklaar dat dit veel suiwerder is as die oorspronklike en ook die indruk maak van groter spontaneiteit. Suiwer letterkundige eise is hier egter allermins van toepassing, omdat so 'n bundel in die eerste plaas vir die volk en nie vir 'n paar hooggeskooldes bedoel is nie.

Wat die melodieë betref, is daar ook aansienlike veranderings aangebring. In die Psalms kom daar nie minder as 62 nuwe wysies voor nie, behalwe nog 'n aantal wat uit die sangbundels van

ander kerke oorgeneem is, terwyl daar vyf-en-dertig nuwe wysies vir Gesange ingesluit is.

Ons kan nie hierdie artikel afsluit sonder 'n woord van opregte waardering aan die lede van die revisiekommissie wat hulle met soveel toegewydheid aan hierdie taak gewy het nie. Die meeste van hulle moes die werk in hul bietjie vrye tyd doen, want om die een of ander rede was dit onmoontlik om hulle van hul gewone werk te onthef onderwyl hulle met hierdie uiters belangrike taak besig was. Ook die komponiste verdien die hartlike dank van die volk vir hul bydrae. En mag die drie Hollandse Kerke vir hulle aandeel ryklik beloon word deur 'n verdieping van die geestelike lewe van hul gemeentes.

## Voortrekkerleiers van die Toekoms

**S**OOES lesers sal onthou, is daar verlede jaar by wyse van proefneming op Stellenbosch 'n kursus ingestel vir aspirant-Voortrekkerleiers. Die proefneming was so 'n skitterende sukses dat dit vanjaar nie alleen op Stellenbosch herhaal is nie, maar daar is ook 'n soortgelyke kursus aan die opleidingskollege in die Paarl en aan die normaal-kolleges in Pretoria en Potchefstroom ingestel vir studente wat in hul finale jaar is. Hierdie uitbreiding verteenwoordig nog maar die tweede stadium van die onderneming. Planne word nou be- raam om dit verder uit te brei, en die ideaal is om aan die meeste opleidingskolleges in die land voorsiening te maak vir so 'n kursus. Die betekenis van die nuwe ontwikkeling kan byna nie oorskat word nie, en as die plaaslike besture daarvoor sorg dat die regte soort studente die opleiding ondergaan, behoort die Voortrekkerbeweging verseker te wees van bestendige en gesonde groei.

Voorlopig is aan elke inrigting slegs 'n beperkte getal aspirantleiers toegelaat om in te skryf. So groot was die belangstelling op Stellenbosch dat, ondanks hierdie beperking en die feit dat die kursus feitlik net voorsiening maak vir studente in die Dept. van Opvoedkunde wat in hul finale jaar is, nie minder as 87 kandidate hulle aangemeld het nie. Agt was dame-staatmakers wat nie studente is nie.

Die kursus het weer 'n reeks voorlesings en demonstrasies ingesluit, met natuurlik heelwat sang en speletjies, veral wat gebaseer is op Voortrekkerwerksaamhede. Hiervoor is gedurende 'n hele kwartaal elke Donderdagaand twee uur afgesonder. Daar is ook weer 'n week lank aan Die Strand gekampeer, waar die kursusgang- ers elke dag aan Voortrekkerwerk- saamhede gewy het onder die lei- ding van tien ervare leiers. Op 28 deser sal die diplomas in ver- band met die kursus deur die Hoofleier en Onder-hoofleider,

(Vervolg op bladsy 48)